# Heilsmuur

## 2. Geloof: vertroue op die Here. Spreuke 3:5

1. As reisiger hier op aarde, is ons so geneig om op ons eie insigte en krag staat te maak. Gebeur dinge nie na wense nie, soek ons elders redes daar voor, sonder om ons eie swakhede te herken.
2. Spreuke 3:5+6: “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop." Geloof en vertroue in jou Skepper ,maak die verskil. God ken ons en sal ons lei, om ons besluite volgens Sy Wil te neem.
3. Dankie dat U ons met U wysheid toerus, sodat U Wil kan geskied. Amen.

# GEBEDSVERSOEKE:

*Watter troos, dat die Here ons elkeen by die naam ken en dat die Heilige Gees ons versugtinge aan God bekend maak. Ons dra mekaar op ons gebedshande en bid vir elke lidmaat se beskerming en God se oorvloedige genade en seën.*

1. Pierre en Suzanne Jansen: dit gaan glad nie goed met hulle albei nie.
2. Ria Fourie: sy is baie siek. Sy is tans in die hospitaal.
3. Ons bid steeds vir die volgende mense: Eurika le Roux se sus; Ronald en Suné se twee kleingoed wat malaria het en Stanley Blackaller se broer.
4. Pieter en Louise Cornelius: hulle seuntjie, Pieter, is steeds aan masjiene gekoppel en in die intensiewe sorgeenheid.
5. Oom Dirk Bouwer: het ‘n heupvervanging gekry.
6. Maureen Blaauw: haar seun is in die hospitaal opgeneem a.g.v. ‘n tumor op sy brein.
7. Oom Ben Naudé het weer ‘n hartaanval gehad en was gehospitaliseer. Hy sterk nou tuis aan.
8. Marlene Nel: sy het hartversaking gehad en was gehospitaliseer, maar sterk nou weer tuis aan.

**Wendy Barnardo 072 1596 777 / 012 259 0104**

## KOLLEKTE/DANKOFFERS:

**EFT**

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: Dankoffer

**Baie dankie aan elke lidmaat wat getrou bydra, sodat God se koninkryk op aarde betekenisvol opgebou en uitgebrei kan word.**

# Harties NG Poortbode

**Prediker: Ds. Johan de Wet 1 Sam 16: 11 - 13**
**Datum: 4 November 2023 Tema: God se verbintenis.**

## GEMEENTEPROGRAM

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| So | 04/11 | 08:30 | Voorbidding | Gebedskamer |
| | | 09:00 | Erediens en Doop | Kerkgebou |
| | | 09:00 | Voete – en Juniorkerk | Jeugsentrum |
| Ma | 05/11 | 09:00 | Uitstallers en Terrein opruim | |
| Di | 06/11 | 18:00 | L•I•F•T | Jeugsentrum |
| Wo | 07/11 | 09:00 | Senior– en vrouebybelstudie | Kerkgebou |
| Vr | 09/11 | 06:00 | Mannebiduur | Kerkgebou |

Oorvloedige LOF

Lidmaatskap: Angie: 012 253 1991 x 100 E-pos: kantoor@hartiesng.org
Poortbode: Marianne: 012 253 1991 x 108 E-pos: komm@hartiesng.org
Kantoorure: Ma - Vr: 08:30 - 12:30 Web: www.hartiesng.org